
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 6: 20 Februarie 2026



## Belangrike inligting:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Sluitkassies | Bl. 9 |
| Toetsrooster | Bl. 9 |
| Kermis | Bl. 14,15 |



# Uit die kantoor

- Ons atlete het pragtig presteer tydens die Fichardtpark Atletiekbyeenkoms. Baie geluk! Uitslae op bladsy 4.
- Verlede Vrydag het ons dogters aan die Suid-Vrystaat Tweekampkampioenskap deelgeneem. Baie geluk aan die dogters wat ingesluit is in die Suid-Vrystaat Tweekampspan wat op 20 en 21 Maart aan die die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskap gaan deelneem. Uitslae op bladsy 5.
- Baie geluk aan die swemmers wat pragtig presteer het tydens die Vrystaat Laerskole Swemkampioenskappe. Uitslae op bladsy 6.
- Oranje is trots op al ons swemmers en atlete.
- Baie sterkte aan die dogters wat môre aan die Wiskunde Nautiluskamp gaan deelneem.
- Volgende Donderdag begin ons jaarlikse Amanda Coetzer tennistoernooi. Baie sterkte aan ons tennisspanne wat hieraan gaan deelneem.
- Baie sterkte aan ons atlete wat volgende Vrydag aan die Suid-Vrystaat atletiekbyeenkoms gaan deelneem.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 20 Februarie: | Marimba Oefening 13:00 - 16:00 |
| 21 Februarie: | Marimba Oefening 09:00 - 12:00<br>Nautilus |
| 23 Februarie: | Gr. 4-7 netbal begin |
| 24 Februarie: | Voedselprojek Gr. 5B |
| 25 Februarie: | Juf. Jacolene verjaar |
| 26 Februarie: | Voedselprojek Gr. 5C<br>Amanda Coetzer-tennistoernooi |
| 27 Februarie: | Amanda Coetzer-tennistoernooi<br>Atletiek: Suid-Vrystaat byeenkoms |
| 28 Februarie: | Amanda Coetzer-tennistoernooi |
| 1 Maart: | Juf. Engela verjaar |
| 2 Maart: | Juniorkoor: 07:00<br>Seniorkoor: 07:30 - 08:00<br>GF Redenaars in Rachel Steyn<br>Leerderraadvergadering 17:00 |
| 3 Maart: | Voedselprojek Gr. 4A<br>Redenaars: IF Redenaarskompetisie 16:00 |
| 5 Maart: | Voedselprojek Gr. 4B<br>Musiek: Pousekonsert GF<br>Netbal: Willem Postma middag-/aandliga o. 10A-D, o. 11A-D |
| 6 Maart: | Voedselprojek Gr. 4B<br>Kermis |
| 7 Maart: | Juf. Anita verjaar<br>Atletiek: Vrystaatbyeenkoms in Sasolburg |
| 9 Maart: | IF Toetsweek |
| 10 Maart: | Juf. Amy verjaar<br>Voedselprojek Gr. 4C<br>IF Toetsweek |
| 11 Maart: | IF Toetsweek |
| 12 Maart: | Netbal: Willem Postma middag-/aandliga o. 12A-D, o. 13A-D |

# Atletiek

Die volgende dogters het op 14 Februarie 2026 aan die Fichardtpark Atletiekbyeenkoms deelgeneem en soos volg presteer:

o. 7

| | | |
|---|---|---|
| Luca Malherbe: | 60m | 7de |
| Amelie Olwagan: | 80m | 1ste |
| Amorey Vlok: | 80m | 4de |

o. 8

| | | |
|---|---|---|
| Ivané Tulleken: | 60m | 1ste |
| | 80m | 1ste |
| Debi van Biljon: | 60m | 3de |
| | 80m | 2de |

o. 9

| | | |
|---|---|---|
| Mila van Zyl: | 60m | 1ste |
| | 80m | 1ste |
| Hanne Ross: | 60m | 5de |
| | 80m | 4de |
| Zelné Potgieter: | 80m | 5de |

o. 10

| | | |
|---|---|---|
| Lenike van den Berg: | 1200m | 1ste |
| Miané Wessels: | 80m | 4de |
| | 100m | 2de |
| Miné Zwiegelaar: | 80m | 3de |
| | 100m | 4de |
| | 70m Hekkies | 1ste |
| Catie Botha: | Verspring | 4de |
| | Hoogspring | 3de |
| Emma Odendaal: | 80m | 6de |
| | Verspring | 2de |
| Niéke du Plessis: | 70m Hekkies | 4de |
| Jordan de Witt: | Gewigstoot | 3de |
| Lené Janse van Vuuren : | Verspring | 3de |
| | Hoogspring | 1ste |
| Mari du Plessis: | 70m Hekkies | 2de |
| | Hoogspring | 2de |

Vervolg ...

# Atletiek

o. 11

| | | |
|---|---|---|
| Elmaré Naudé: | 1200m | 1ste |
| Hannah Myburgh: | 80m | 6de |
| | Verspring | 4de |
| Lizé Husselmann: | Hoogspring | 1ste |
| Mianique van Straten: | 80m | 2de |
| | 70m Hekkies | 3de |
| | 100m | 6de |
| Carli du Plessis: | 80m | 5de |
| | 100m | 5de |
| | Verspring | 2de |
| Anri Liebenberg: | Gewigstoot | 3de |
| Lexi Schutte: | 70m Hekkies | 4de |
| | Hoogspring | 5de |
| Zani Strachan: | 70m Hekkies | 5de |
| Liesel Hardie: | 70m Hekkies | 6de |

o. 12

| | | |
|---|---|---|
| Lea Cilliers: | 1200m | 1ste |
| Miné Zietsman: | 1200m | 6de |
| Marlé Verster: | 100m | 3de |
| | 150m | 1ste |
| Amé Jansen van Vuuren: | Spiesgooi | 3de |
| Lisa le Roux: | Gewigstoot | 4de |
| | Diskus | 6de |
| Kayla Strydom: | Hoogspring | 1ste |
| Danielle van Eeden: | Hoogspring | 5de |
| Katrien Robbertse: | Diskus | 5de |
| Miane Momberg: | 75m Hekkies | 6de |

Vervolg ...

# Sport

# Atletiek

o. 13

| | | |
|---|---|---|
| Lilamari de Villiers: | 800m | 5de |
| Almé Bornman: | 800m | 4de |
| Sanmiri Pretorius: | 1500m | 4de |
| Annebel Fick: | 75m Hekkies | 1ste |
| | 200m Hekkies | 1ste |
| Almy Wessels: | 800m | 1ste |
| Ella Smit: | Spiesgooi | 5de |
| Chloë Smith: | Hoogspring | 1ste |

Baie geluk aan die volgende dogters wat individuele prestasies behaal het by die byeenkoms:

| | |
|---|---|
| Mila van Zyl : | Beste baan atleet vir o. 7- tot o. 9-dogters |
| Lené Janse van Vuuren: | Beste o. 10 hoogspring atleet |
| Elmaré Naudé: | Beste langafstand atleet |

# Tweekamp

Die volgende dogters het op 13 Februarie 2026 aan die Suid-Vrystaat Tweekampkampioenskap deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| **o. 8** | |
| Ansoline Badenhorst | 2de |
| **o. 9** | |
| Leah Ranft | 1ste |
| Mailey Becker | 2de |
| Katelyn Kotzé | 4de |
| **o. 11** | |
| Aila Cilliers | 1ste |
| Lily Erasmus | 2de |
| Lara van Viegen | 12de |
| Olivia de Witt | 13de |
| Skye Futter | 16de |
| Mikali van der Schyff | 19de |
| Leah Venter | 21ste |
| Louisa Meyer | 23ste |
| Limarie Jonker | 24ste |
| **o. 13** | |
| Lea Cilliers | 2de |
| Elmaré Naudé | 3de |
| Z'ney Piechaczek | 4de |
| Tené Venter | 9de |
| **o. 15** | |
| Carinke Wessels | 1ste |

Baie geluk aan die volgende dogters wat gekies is vir die Suid-Vrystaat Tweekampspan wat aan die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskap op 20 en 21 Maart 2026 gaan deelneem:

| | |
|---|---|
| **o. 9** | |
| Leah Ranft | |
| Katelyn Kotzé | |
| Mailey Becker | |
| **o. 11** | |
| Lily Erasmus | |
| Aila Cilliers | |
| Lara van Viegen | Reserwe |
| Olivia de Witt | Reserwe |
| **o. 13** | |
| Lea Cilliers | |
| Z'ney Piechaczek | |
| Kaylyn Blair | |
| Tené Venter | Reserwe |
| **o. 15** | |
| Carinke Wessels | |

# Swem

Op Dinsdag, 17 Februarie 2026, en Woensdag, 18 Februarie 2026, het ons swemspan aan die Vrystaat Laerskole Swemkampioenskappe deelgeneem. Die dogters het pragtig geswem. Oranje is VERSKRIKLIK trots op elkeen van ons eendjie-swemmers! Hier volg al ons eerste tot derde plekke:



o.13
Carinke Wessels: 1ste in 200m IM
1ste in 50m Borsslag
1ste in 100m Borsslag
1ste in 200m Borsslag
1ste in 100m Rugslag
*Word aangewys as beste o.13 dogter-swemmer.*

Jeanine Goosen: 3de in die 100m Vryslag
3de in 50m Rugslag

o.12
Lisa le Roux: 1ste in 200m IM
1ste in 100m Vryslag
1ste in 50m Rugslag
1ste in 100m Rugslag
3de in 100m Borsslag
*Word aangewys as beste o.12 dogter-swemmer.*



Kailah Nel: 1ste in 200m Vryslag
1ste in 400m Vryslag
1ste in 200m Rugslag
2de in 100m Vryslag
3de in 200m IM

Lea Cilliers: 1ste in 50m Borsslag en verbeter die rekord.
1ste in 100m Borsslag

Z'ney Piechaczek: 3de in 100m Vlinderslag
3de in 50m Vlinderslag





o.11
Elmaré Naudé: 1ste in 50m Vryslag
2de in 100m Vryslag
2de in 50m Rugslag
2de in 50m Vlinderslag
3de in 100m Rugslag



Anri Liebenberg: 1ste in 50m Rugslag
2de in 100m Rugslag




Anje Weldhagen: 1ste in 100 Borsslag
3de in 50m Borsslag
3de in 100m Vryslag
3de in 50m Vryslag

Emma Relling: 1ste in 50m Borsslag
2de in 200m IM

o.10
Lily Erasmus: 2de in 50m Vlinderslag

o.9
Aila Cilliers: 3de in 50m Rugslag

200m Wisselslag-aflos:
o.9 A 1ste plek: Miané Neethling, Leah Ranft, Aila Cilliers en Skye Futter.
o.9 B 3de plek: Olivia de Witt, Mila Swanepoel, Ana Serfontein en Liamandi Steyn.
o.10 A 2de plek: Mychyla Roos, Lily Erasmus, Lara van Viegen en Lenike van den Berg.
o.11 A 1ste plek: Anri Liebenberg, Elmaré Naudé, Emma Relling en Anje Weldhagen.
o.12 A 1ste plek: Kailah Nel, Lisa le Roux, Lea Cilliers en Z'ney Piechaczek. Hulle verbeter die rekord.
o.13 A 2de plek: Lienke Lubbe, Jeanine Goosen, Carinke Wessels en Vida Olivier.

200m Vryslag-aflos:
o.9 A 1ste plek: Miané Neethling, Leah Ranft, Aila Cilliers en Skye Futter.
o.9 B 3de plek: Olivia de Witt, Mila Swanepoel, Ana Serfontein en Liamandi Steyn.
o.11 A 1ste plek: Anri Liebenberg, Elmaré Naudé, Emma Relling en Anje Weldhagen.
o.11 B 3de plek: Mieke Gericke, Nea Cloete, Lizé Husselmann en Lara-May Burger.
o.12 A 1ste plek: Kailah Nel, Lisa le Roux, Kaylyn Blair en Z'ney Piechaczek.
o.13 A 2de plek: Mienke Grobler, Jeanine Goosen, Carinke Wessels en Vida Olivier.

250m Vryslag leer- aflos:
A Span 2de plek: Leah Ranft, Mychyla Roos, Elmaré Naudé, Lisa le Roux en Carinke Wessels
B Span 3de plek: Aila Cilliers, Lily Erasmus, Anri Liebenberg, Kailah Nel en Jeanine Goosen

Baie dankie aan die volgende borge wat vir elke dogter in die swemspan 'n rugsak, Eendjiehanddoek en 'n heerlik koeldrank en energielekkertjie geskenk het:

~ Marx Vervoer
~ IQtechnology Solutions
~ Clippa Sales

Oranje waardeer julle bydrae opreg!

Ons het 'n totaal van 24 eerste plekke, 11 tweede plekke en 15 derde plekke behaal. Ons is baie trots op al ons dogters!

# Lofeendjies

In die jaar van 2026 wil die Lofeendjies hulle talente vir God se Koninkryk gebruik. Talente is nie net dit wat vir jou pryse en medaljes gee nie, maar alles wat jy het en kan doen, kan God gebruik om tot seën te wees vir ander. Net soos die seuntjie wat sy vyf brode en twee vissies gebring het, alles wat hy gehad het, en God het dit vermeerder.

Ons het met behulp van 'n "Doodle"-kaart bietjie gedink oor verskillende maniere wat elke dogter in 2026 God se Koninkryk kan uitbou met haar unieke talente wat sy voor God kan bring.

Gaan wees die verandering wat jy in die wêreld wil sien.

Dit is 'n fees om 'n Lofeendjie te wees!









# Kranslegging

Almy Wessels het Saterdag, 14 Februarie 2026, 'n krans namens Oranje Primêr, ter ere aan Vader Kestell by die Vrouemonument gelê.

Almy was deel van die 11 organisasies, wat baie naby aan Vader Kestell se hart was, wat 'n krans gelê het.  Die verrigtinge is afgesluit met 'n gedenklesing deur Dr. Vicky Heunis.








## Maart Toetsweek

| Ma | Di | Wo | Do | Vry | Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| 9<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: SW (Aard)<br>Gr. 5: NWT<br>Gr. 6: SW (Gesk)<br>Gr. 7 Afikaans<br>Handboekkkontrole: registero/w voor elke vak | 10<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Wiskunde<br>Gr. 5: Engels<br>Gr. 6: Afrikaans<br>Gr.7: Wiskunde | 11<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: NWT<br>Gr. 5: SW (Aard)<br>Gr. 6: NWT<br>Gr. 7: EBW | 12<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Engels<br>Gr. 5: Afrikaans<br>Gr. 6: Wiskunde<br>Gr. 7: Engels | 13 | 14 |
| 16<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Afrikaans<br>Gr. 5: SW (Gesk)<br>Gr. 6 SW (Aard)<br>Gr. 7 NW | 17<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 5: Wiskunde<br>Gr .6: Engels | 18 | 19 | 20 | 21<br>Menseregtedag |



# Gedagte vir die week

## Raak vir my rustig

Die taal van ons tyd is spoed. Die taal van ons tyd is vinnig. Die taal van ons tyd is haastig en jaag. Soveel mense praat die taal. Soveel ouers en kinders, en daarom gesinne, praat die taal hard en duidelik en is daarom besig om al hoe verder van mekaar te dryf. Jonk en oud is al hoe meer besig om verslaaf te raak aan vinnig, haastig en spoed. Dit plaas geweldige druk op die reeds baie broos verhoudings wat ons in gesinne kry vandag.

Baie ouers verkeer onder die indruk dat hulle juis ter wille van hulle kinders besiger moet wees, harder moet werk en meer moet doen. Dis 'n absolute illusie. Jou kind soek meer van jou, nie meer van jou besig wees nie. Jou kind soek meer van jou menswees en minder van jou geld en besittings.
Jou kind verlang na jou.

Die statistieke oor ontspanning is skokkend. In die VSA is daar reeds meer as 14% van die bevolking wat sê dat hulle geen tyd kry om te rus of ontspan nie. 40% sê dat hulle baie min tyd het vir ontspan. 65% van werkende ma's is desperaat oor te min of geen tyd vir ontspan, terwyl 55% van werkende pa's reeds in dié kategorie val. Ontspanning raak 'n luukse, en wie ly daaronder? Uiteraard die mens van vandag se verhoudingslewe, beginnende by huweliksmaats en gesinsverhoudings. Ons skeep mekaar af.
Dis dalk nodig dat iemand dit hard, reguit en eerlik sê: dis nie goed nie.
Dit beskadig jou en die mense rondom jou.

In die baie gejaagde en kompeterende kultuur waarin ons vandag leef, is die dinge wat afgeskeep word dinge soos om as gesin saam te eet, om te kuier om 'n braaivleisvuur, om vir naweke saam weg te gaan of om kwaliteit vakansies saam te hê.
Waar is die sogenaamde "connected" waarvan almal praat? Dis uit by die agterdeur.
Dit verdwyn soos mis voor die son as gevolg van vinnig, jaag en kompeteer.

... en dit terwyl al die navorsing vandag daarop dui dat almal in 'n gesin — pa, ma en kinders (en die hond en die kat ook, voeg ek sommer by) — smag na dieper, innige verhoudings.
Daarom ... raak vir my rustig.

*Geskryf deur Johan Smith*

# Lief en leed

Ons dink aan Mieke Swarts en haar familie met die afsterwe van haar oumagrootjie. Baie sterkte vir julle in hierdie moeilike tyd.

# Lief en leed

Ons dink aan Zea Vorster en haar familie met die afsterwe van haar oupa. Baie sterkte vir julle in hierdie moeilike tyd.




# Advertensies


iqtech
technology solutions
Smarter Tech.
Stronger Security.
Better Control.
✓ Access Control & Turnstile Systems
✓ Time & Attendance Solutions
✓ Vehicle & Fleet Monitoring
✓ Point of Sales Solutions
Follow us
@IQTech
Contact us today
087 059 0275 I SALES@IQTECH.CO.ZA
WWW.IQTECH.CO.ZA
it's|in|the|detail


Professionele Span
wat Hoë Gehalte
Vervoer Dienste lewer.
MARX VERVOER
Ons Dienste
Verskeie dissiplines in die vervoerbedryf word gedek met grondverskuiwings toerusting soos bv. Cat laaigrawe, n vloot trokke, excavators en n padskraper om voortdurend n diens van hoogstaande gehalte te lewer. Al hierdie toerusting is ook beskikbaar vir verhuring om n uitgebreide diens aan ons hoogs gewaardeerde kliente te lewer.
ONS MISSIE
Om die toonaangewende verskaffer van sand, klip en gruis te wees wat kliënte en klante as die nommer een rede vir sukses beskou.
ONS VISIE
Om ons kliënte basis regoor die land uit te brei en bekend te staan as n betroubare verskaffer van hoë kwaliteit sand,klip en gruis.
Produkte
Leweransiers van alle groottes klip, sand, bergruis, tuingrond, tuinklip, kompos en algemene vervoer.
Vir vinnige en flinke diens.
Ons Tye
Maandae - Vrydae :
07:00 – 18:00
Saterdae:
07:00 – 13:00
Sondae:
Gesluit
Vind ons op:
051 4511 362 | 051 4511 965
www.marxvervoer.co.za


Clippa Sales
Supplying Trusted Brands That Sell
HARIBO
Clippa Sales
mentos
PEZ


PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE
KERMIS
See en Strand
Vrydag, 6 Maart 2026
09:00 - 13:30
Speletjiesbandjies
vir Preprimêre dogters teen R45
en vir Primêre dogters teen R120
Verskeie kosstalletjies beskikbaar
vir die publiek by Oranje Primêr!


GRAAD 1
se
roomys &
gesigverf
Soft serve roomys
in bakkies
R10
Stokkie roomys – R5
ESKIMO TOFFEE
Ice Cream Lollies
Melkysies – R5
Kom verf jou gesig
vir R10
Ons sien jou by die
KERMIS!


Graad 2
SIT JOU SHADES OP,
EN KOM GENIET DIE
LEKKERSTE SEE-SOETGOED
BY ONS STALLETJIE!
WAT WAG VIR JOU?
Kondensmelkspuite
Donuts
Spookasem
En nog vele meer soet verrassings!
Alle items
kos net
R5 – R20


ORANJE
KERMIS
GRAAD 3
Pannekoek
SLEGS R7
PER PANNEKOEK
6
MAART
2026


THE SURFSHOP TEETUIN
6 MAART 2026
08:00 - 13:00
KOM KUIER SAAM IN ONS SURFSHOP TEE TUIN
BESTEL JOU KAARTJIE TEEN R65.00 OP karri
Gr.4
As iets jou dryf tot kookpunt maak die surfshop graag tee vir twee.


Seedier Smake!
Kerrie en Rys R 45
Vetkoek met Maalvleis R 30
Vetkoek met Kaas en Konfyt R 20
Kom ondersteun die
Graad 5'e


Graad 6
OMS HOU KERMIS!
Boereworsrol R 25
Kaasworsie-rol R 25
Sosatierol R 30
Boerewors R 20
Kaasworsie R 20
Sosatie R 25
(Bees of Hoender)


KERMIS
6 MAART 2026
09:00 TOT 13:00
SEE EN STRAND
HEERLIKE KOUE KOELDRANKE R15
VRUGTE PONSE R15
GR. 7
EILAND LAFENIS